

20 JANUARIE 2019



3iG

'n saam-glo dissipelskap gesprek

saam bid

Ons vind nie tyd vir gebed nie, ons maak dit.

B.I.D. staan vir:

B: Bely teenoor God Wie Hy vir jou is én bely ook jou gesukkel vir Hom.

I: Intree vir ander (bv. Jou 3iG-lede, jou familie, wêreld, ens.).

D: Dankie-sê, maak daagliks jou dankie-lys en dank God daarvoor.

LEWENS-LEUSE: Bely elke oggend en aand 1 Kor. 9:23 se waarheid:

"²³Dit alles doen ek ter wille van die evangelie, sodat ek aan die vrug daarvan deel kan hê."

saam groei

Ons lees nie die Bybel nie, ons laat die Bybel ons lees.

Paulus skryf die brief, wat in ons Bybel bekend staan as 1 Korintiërs, tydens sy derde sendingreis, ongeveer 54-55 nC, vanuit Efese, nadat hy vir 18 maande lank tydens sy tweede sendingreis daar gebly en gewerk het. Hierdie brief is waarskynlik die tweede wat Paulus aan die Korinte-gemeente gerig het, want 1 Kor. 5:9 verwys na 'n "vorige brief". In die dankseggings-gedeelte van die inleiding van 1 Korintiërs, maak Paulus daarvan melding dat hierdie gemeente geseënd is met gawes van woord en kennis (1 Kor. 1:5) en verder dat die boodskap van Christus so goed onder hulle gevestig is, dat dit hulle nie aan 'n enkele genadegawe ontbreek nie (1 Kor. 1:6-7). Nou wil dit voorkom dat juis dit waarmee hierdie gemeente ryklik geseën is en die oorvloed van gawes wat hulle ontvang het, juis die oorsaak van wedywering, verdeeldheid en onenigheid in die gemeente was. Ironies, né! Lees nou 1 Kor. 12:1-11 aandagtig deur.

saam gesels

Jesus verwag van ons minder nastaar (admiration) en meer naleef (imitation).

1. Deel julle ervaring van die eenheid, maar ook die verskeidenheid in julle onderskeie gemeentes. Waarin kom die eenheid en die verskeidenheid tot uitdrukking?
2. Die veelheid en die verskeidenheid van gawes is van dieselfde Gees afkomstig.

3 STAPPE

'n 3iG-groep is 'n saam-glo groep wat deur bid, groei en dien Jesus dieper volg. Drie mense wat kies om saam te bid, saam te luister en saam ons geloof te leef.

2 ANDER

Dit is slegs ek en 2 vriende wat 'n spontane groep vorm. Dit kan egter ook uit meer as drie mense wees: ons familie of vriende of kollegas of mense in die gemeente.



Sien veral verse 4-7. Die Gees beheer en besluit ook oor die uitdeling en beskikbaarstelling van die gawes (sien vers 11). Bespreek die implikasies van hierdie twee stellings vir die gemeenskap van Jesus-volgelingen.

3. Beoordeel in die lig van 1 Kor 12:1-11 houdings van geestelike meerderwaardigheid, elitisme, kompetisie en individualisme onder Jesus-volgelingen.
4. In die gemeente van Jesus Christus, het elkeen 'n gawe of gawes ontvang tot voordeel van almal (vers 7). Gee waarderende erkenning aan die onderskeie gawes wat julle saam ontvang het en besin oor die voordeel wat die kollektiewe geloofsgemeenskap daaruit moet kan geniet, tot die eer en verheerliking van God.
5. Die Here wil hê dat een van ons die kerk moet uitvee, 'n ander kos vir 'n sieke maak of nog een blomme vir iemand gee. Dit is dieselfde God en Here wat die "kragtige werkinge" (vers 6) voor die skares laat gebeur en wat ook die stil, eensame gebed van 'n gelowige wonderbaarlik verhoor. Gelowiges is dus nie belangrik nie, maar God wat op 'n verskeidenheid maniere werk en derhalwe 'n verskeidenheid geskenke aan sy gemeente gee. Stem julle hiermee saam of nie?

saam stap

Eers vorm ons gewoontes en dan vorm die gewoontes ons.

Geloofsgewoonte: **Om jou geloofsreis in 'n joernaal neer te skryf.** Die geheim van 'n lewensreis saam met God, is om te reflekteer oor sy daaglikse teenwoordigheid, leiding en werksaamheid in jou en rondom jou. Hierdie joernaal moet daagliks bygehou word en veral in tye van oorgang. Lees Ps. 16:7, 25:4, 119:18; Jos. 1:8 en Hab. 2:1.

Doen-dinge:

1. Knip artikels en foto's wat jou getref het uit en plak dit in jou joernaal. Bid daarvoor en dink na oor God se sorg vir jou en sy skepping.
2. Skryf aanhalings, gedigte en Skrifgedeeltes neer wat jou geraak het. Dink na oor die betekenis daarvan vir jou.
3. Kry afskrifte van kunswerke wat jou aan God en sy werk herinner.
4. Hou 'n gebedsjoernaal: versoeke, gebede en antwoorde op gebede.

Dink-dinge:

1. Hoe kan jy meer nadink en reflekteer oor jou lewe en God se werk en teenwoordigheid daarin elke dag?
2. Hoe kan dit jou help om jou gedagtes oor God neer te skryf?
3. Wat sal dit beteken, dink jy, as iemand anders jou joernaal sal lees?

1 GESREK

Ons maak weekliks met mekaar kontak (deur 'n koffie-afspraak of telefonies) rondom die gefokusde saam-gesels van die week. Die leier – wat elke week wissel – sorg dat ons mekaar daardie week sien.